

Donderdag 11 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 25:10-22

Fokusgedeelte: Eksodus 25:22

God verseker sy volk van sy teenwoordigheid

In tye van nood word daar dikwels gevra: Waar is God? So het Dawid se vyande ook in sy nood met hom gespot en gevra: “En waar is jou God nou?” (Ps. 42:4).

Die Israeliete het ook tydens die woestynreis vir Moses gevra: “Is die Here by ons of nie?” (Eks. 17:7). Om hulle te verseker van sy teenwoordigheid, gee die Here dan by Sinai vir Moses die opdrag om ’n heiligdom, ’n tabernakel vir die Here te maak (Eks. 25:8). Daarbinne moes hy die verbondsark plaas, volgens baie presiese voorskrifte gemaak, met die twee tafels van die wet daarin (vs 16). Die ark was die simboliese troon van die Here, die genadige, onsienlike God, die Koning van Israel, wat reg en geregtigheid deur sy wet handhaaf. So was die ark dan die simbool dat Hy by sy volk woon. Daarvandaan het Hy ook aan Moses sy Woord aan sy volk bekendgemaak.

Die teenwoordigheid van God het ’n fisiese werklikheid geword toe die Woord vlees geword het (Joh. 1:14) met die koms van Jesus Christus na die aarde toe. Hy is “Immanuel,” God met ons. Hy het ons met God versoen en woon deur sy Gees in elkeen wat in Hom glo. Daarvan word ons deur sy Woord en Gees verseker.

As jy dan ooit twyfel, of as die wêreld spottend vra: “En waar is jou God nou?” kan jy met vaste sekerheid bely, op grond van sy Woord glo ek dat Hy in beheer van alles is en dat Hy altyd by my is.

Sing: Psalm 73-1:1, 10

Ds. JB du Plessis (Jan) (Emeritus)